



Blomblokkies

'n Romantiese sjaal om saans die koel windjie uit te hou

BENODIGHEDE

20 bolle Pingouin Nr. 8, dubbel gebruik (50 g elk); hekelpen van 2,5 mm.

MATE

Breedte oor boonste rand gemeet, ongeveer 175 cm; lengte vanaf boonste rand tot punt 95 cm (sonder fraiings).

SPANNING

1 motief is 9,5 x 9,5 cm. Gaan jou spanning sorgvuldig na, en indien werk te los is, gebruik dunner hekelpen, indien te styf, gebruik dikker pen.

AFKORTINGS

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; hlb — halflangbeen; lb — langbeen; dsl — dubbelslagsteek; gs — glipsteek; sp — spasië; oorbl — oorblywende; herh — herhaal; vlg — volgende; gp — groep.

EERSTE MOTIEF

Hekel 6 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.
1e Rondte: 4 ks, 23 dsl in ring, gs in boonste van 4 ks.

2e Rondte: (4 ks, slaan 2 dsl oor, 1 kb in vlg dsl) 7 keer, 4 ks, 1 kb in dieselfde st as gs.

3e Rondte: (1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke sp, herh rondom.

4e Rondte: gs oor ste tot in middelste lb van vlg gp, 3 ks, 2 lb in dieselfde lb, (5 ks, 3 lb in middelste lb van vlg gp) 7 keer, 5 ks, gs in boonste van 3 ks.

5e Rondte: gs tot in vlg sp, 3 ks, (2 lb, 3 ks en 3 lb) in dieselfde sp, 5 ks, 3 lb in vlg sp, 5 ks, *3 lb, 3 ks, en 3 lb in vlg sp (=hoek-sp), 5 ks, 3 lb in vlg sp, 5 ks; herh vanaf * nog 2 keer, gs in boonste van 3 ks.

6e Rondte: gs tot in hoek-sp, 3 ks, 2 lb, 3 ks en 3 lb in vlg sp, 5 ks, (3 lb in vlg sp, 5 ks) 2 keer, *3 lb, 3 ks en 3 lb in hoek-sp, 5 ks, (3 lb in vlg sp, 5 ks) 2 keer, herh vanaf * nog 2 keer, gs in boonste van 3 ks. Heg af.

TWEEDE MOTIEF

Hekel 1e tot en met 5e rondte soos eerste motief.

6e Rondte: gs tot in hoek-sp, 3 ks en 2 lb in dieselfde sp, 1 ks, gs in hoek-sp op 1e motief, 1 ks, 3 lb in dieselfde hoek-sp op 2e motief, 5 ks, 3 lb in vlg sp op 2e motief, 2 ks, gs in middelste ks van ooreenstemmende sp op 1e motief, 2 ks, 3 lb in vlg sp op 2e motief, 5 ks, 3 lb in hoek-sp op 2e motief, 1 ks, gs in ooreenstemmende hoek-sp op 1e motief, 1 ks, 3 lb in dieselfde hoek-sp op 2e motief, voltooi soos 1e motief.

Maak en verbind nog 89 motiewe soos op diagram aangedui word, verbind naasliggende sykante soos 2e motief aan 1e verbind is; waar 3 of 4 hoeke bymekaar kom, word 3e en 4e motiewe aan voorafgaande vas-hegting verbind.

HALFMOTIEF

Hekel 6 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

1e Ry: 4 ks, 12 dsl in ring, draai.
2e Ry: (4 ks, slaan 2 dsl oor, 1 kb in vlg dsl) 3 keer, 4 ks, slaan 2 dsl oor, 1 kb in boonste van 4 ks, draai.

3e Ry: (1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke sp, draai.

4e Ry: (5 ks, 3 lb in middelste lb van vlg gp), 4 keer, 5 ks, 1 kb in laaste kb, draai.

5e Ry: gs tot in middel van 1e sp, 3 ks, 2 lb in dieselfde sp, 5 ks, 3 lb in vlg sp, 5 ks, 3 lb, 3 ks en 3 lb in vlg sp, 5 ks, 3 lb in vlg sp, 5 ks, 2 lb in laaste sp, 1 lb in 3e van 5 ks, draai.

Verbindingsry: hekel van regs na links en plaas halfmotief tussen 1e en 2e motief van lang kant, hekel met regte kante teenmekaar soos volg: 3 ks, gs in hoek-sp aan regtermotief, 5 ks, 3 lb in 1e sp op halfmotief, 2 ks, slaan vlg sp op regtermotief oor, gs in middelste ks van vlg sp aan regtermotief, 2 ks, 3 lb in vlg sp op halfmotief, 2 ks, gs in middelste ks van vlg sp op regtermotief, 2 ks, 3 lb in vlg sp op halfmotief, 1 ks, gs in verbinding tussen motiewe, 1 ks, 3 lb in sp so pas in halfmotief gemaak, (2 ks, gs in middelste

ks van vlg sp op linkermotief, 2 ks, 3 lb in vlg sp op halfmotief) 2 keer, 5 ks, gs in hoek-sp op linkermotief, 3 ks, 1 kb in laaste lb op halfmotief. Heg af.

Maak en verbind nog 11 motiewe op dié manier.

RAND

1e Rondte: Heg gare vas aan linkerhoek-sp aan boonste rand.

Hekel in rigting van punt, *(7 ks, 1 kb in middelste ks van vlg sp) 3 keer, 7 ks, 1 kb in verbinding tussen motiewe*; herh vanaf * tot * nog 11 keer, (7 ks, 1 kb in middelste ks van vlg sp) 3 keer, 7 ks, 1 kb in hoek-sp (=punt) 7 ks, 1 kb in dieselfde sp, herh vanaf * tot * 12 keer, *7 ks, 1 kb in middelste ks van vlg sp) 3 keer, 7 ks, 1 kb in hoek-sp op laaste motief. Gaan voort oor boonste rand (5 ks, 1 kb in middelste ks van vlg sp) 3 keer ** (5 ks, 1 kb in vlg sp op halfmotief) 7 keer, sorg dat 4e van dié kb in middelste ring gemaak word; herh vanaf ** nog 11 keer, (5-ks, 1 kb in middelste ks van vlg sp) 3 keer, 5 ks, 1 kb in basis van 7 ks.

2e Rondte: gs tot in middel van 1e sp, (9 ks, 1 kb in middelste ks van vlg sp) rondom die gevormde kante van sjaal. Heg af.

AFWERKING

Pars. Knip oorbl gare in stukke van 62 cm lank en gebruik 10 drade tesame om 1 knoop deur elke 9-ks-sp te maak. Knip fraiings netjies gelyk af.

DIAGRAM

Hierdie diagram toon hoe motiewe geplaas word om 'n driehoek te vorm

